

Dinsdag 16 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 15:1-9

Fokusgedeelte: Matteus 15:8; HK Sondag 21, Vraag 56

Sê die vergewing van sondes nog iets vir ons?

'n Preek of 'n dagstukkie oor die vergewing van sondes word miskien deur sommige met 'n mate van teleurstelling begroet. Nie omdat die vergewing van sondes nie van geweldige belang is en ook vir elkeen persoonlik 'n aangrypende betekenis het nie – beslis nie! – maar omdat ons hier te doen het met 'n onderwerp waarvan ons dink dat ons teen hierdie tyd darem alles weet. Ons weet mos dat ons almal sondaars is.

Verder weet ons dat ons volle vergifnis alleen in die soenverdienste van Jesus Christus kan vind. Ons weet selfs dat die vergewing van sondes die hartaar van die evangelie is. Paulus sê immers: “Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos” (1 Tim. 1:15).

Die vraag is egter: Loop ons nie gevaar dat hierdie weldaad van die vergewing van sondes juis vanweë sy oorbekendheid naderhand vir ons onbekend kan word nie? Dan is ons kennis daarvan 'n bloot oppervlakkige kennis sonder diepgang en ontroering. Dan is ons soos die skynheilige Jode van wie Christus met 'n aanhaling uit Jesaja (29:13) sê dat hulle die Here met hulle mond eer, maar hulle hart is ver van Hom af (Matt. 15:8).

In die reël bid ons gereeld vir die vergewing van sondes, maar hóé bid ons daarvoor? Verkeer ons ook figuurlik gesproke in die diepte as ons nadink oor ons sonde? Ons moet eerlik voor die Here erken: Aan die belydenis van en die gebed vir die vergewing van sondes haper daar dikwels ontsettend baie, omdat daar nie by ons ware sondebesef is nie.

Die vraag is nou: Waar kom hierdie gebrek aan kennis van ons sondes vandaan? 'n Belangrike rede daarvoor is dat ons, al is ons gelowiges, dikwels so ver van God en sy Woord af lewe. Ons sal dan nie verstaan hoe verskriklik Hy ons sonde haat nie.

Dan maak ons nie erns met ons belydenis van sonde en die gebed om vergewing van sondes nie. Daarom waarsku die Here ons deur Asaf as Hy sê: “Die wat ver van U af is, gaan verlore” (Ps. 73:27).

Daarom moet ons oefen om met konsentrasie en inspanning ons sondes te bely en dit in ons persoonlike gebede soos Daniël (9:4, 5) by die naam te noem. Dan kan ons met ons hele hart bid om die vergewing daarvan. Ons nagmaalsformulier sê: “Ons moet nadink oor ons sonde en vervloeking en ons met diepe berou hieroor voor God verootmoedig.” Ons weet dat God om Christus ontwil 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie (Ps. 51:19).